REMGRO BEPERK

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

GEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

• **Wesensverdienste per aandeel**	**+32.7%**
• **Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting**	**-3.4%**
• **Gewone dividend per aandeel**	**+7.6%**
• **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel**	**R251.48**

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer	1 Julie 2015 Herstateer
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**6 668**	6 500	5 985
Beleggingseiendomme	**129**	107	51
Ontasbare bates	**4 927**	4 993	5 710
Beleggings - Geëkwiteer	**80 883**	78 565	57 831
- Beskikbaar-vir-verkoop	**3 345**	3 408	2 493
Aftreevoordele	**201**	163	220
Lenings	**562**	880	977
Uitgestelde belasting	**23**	42	18
	96 738	94 658	73 285
Bedryfsbates	**22 317**	14 442	21 407
Voorraad	**3 055**	3 274	3 118
Biologiese landboubates	**791**	968	830
Debiteure en korttermynlenings	**4 885**	5 503	3 837
Belegging in geldmarkfondse	**5 888**	1 050	986
Kontant en kontantekwivalente	**7 524**	3 569	4 050
Ander bedryfsbates	**85**	49	52
	22 228	14 413	12 873
Bates gehou vir verkoop	**89**	29	8 534
Totale bates	**119 055**	109 100	94 692
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	**13 416**	3 605	3 605
Reserwes	**79 235**	75 456	69 781
Tesourie-aandele	**(219)**	(217)	(272)
Aandeelhouersekwiteit	**92 432**	78 844	73 114
Nie-beherende belang	**2 870**	2 813	2 803
Totale ekwiteit	**95 302**	81 657	75 917
Nie-bedryfslaste	**18 493**	20 821	5 404
Aftreevoordele	**173**	202	227
Langtermynlenings	**16 446**	17 799	3 547
Uitgestelde belasting	**1 511**	1 623	1 630
Afgeleide instrumente	**363**	1 197	-
Bedryfslaste	**5 260**	6 622	13 371
Handels- en ander krediteure	**4 710**	4 833	4 469
Korttermynlenings	**480**	1 660	366
Ander bedryfslaste	**69**	129	69
	5 259	6 622	4 904
Laste gehou vir verkoop	**1**	-	8 467
Totale ekwiteit en laste	**119 055**	109 100	94 692
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
- Teen boekwaarde	**R163.13**	R153.13	R142.12
- Teen intrinsieke waarde	**R251.48**	R306.44	R288.89

Die 30 Junie 2016 jaarresultate is herstateer vanweë 'n verandering in rekeningkundige beleid en die regte-uitgifte. Verwys na "Herstatering van vergelykende syfers" en aantekeninge 1 en 2 onder "Kommentaar".

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 30 Junie	
	2017	2016
R miljoen		Herstateer
Verkope	**27 600**	27 697
Voorraaduitgawes	**(16 138)**	(16 959)
Personeelkoste	**(4 972)**	(4 578)
Waardevermindering	**(752)**	(727)
Ander netto bedryfsuitgawes	**(4 978)**	(4 921)
Handelswins	**760**	512
Dividendinkomste	**61**	77
Rente ontvang	**633**	287
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie	**687**	(730)
Finansieringskoste	**(1 255)**	(903)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	**105**	(2 556)
Wins met die verkoop en verwatering van beleggings	**199**	2 451
Gekonsolideerde wins/(verlies) voor belasting	**1 190**	(862)
Belasting	**(227)**	21
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting	**963**	(841)
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	**7 545**	6 250
Netto wins vir die jaar	**8 508**	5 409
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**8 431**	5 364
Nie-beherende belang	**77**	45
	8 508	5 409

GEËKWITEERDE BELEGGINGS		
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings		
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**10 066**	8 875
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(668)**	(809)
Wins met die verkoop van beleggings	**325**	216
Ander nie-herhalende en kapitale items	**101**	(67)
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**9 824**	8 215
Belasting	**(1 895)**	(1 709)
Nie-beherende belang	**(384)**	(256)
	7 545	6 250

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2017	2016 Herstateer
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)	**8 431**	5 364
Plus/(minus):		
- Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings*	**(302)**	1 862
- Waardedaling van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**5**	-
- Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**181**	37
- Waardedaling van ontasbare bates*	**-**	644
- Waardedaling van bates gehou vir verkoop	**-**	7
- Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings**	**(199)**	(2 349)
- Wins met die verkoop van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**-**	(153)
- Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**-**	51
- Netto (wins)/verlies met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(110)**	10
- Verlies met die verkoop van biologiese landboubates	**-**	9
- Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**223**	633
- Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(19)**	(27)
- Wins met die verkoop van beleggings	**(325)**	(216)
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**668**	809
- Ander nie-herhalende en kapitale items	**(101)**	67
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	**5**	(92)
- Nie-beherende belang	**(13)**	(149)
Wesensverdienste	**8 221**	5 874
Eenmalige koste	**-**	788
Opsie hermeting	**(687)**	730
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	**7 534**	7 392

* *Vir die jaar onder oorsig sluit "Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings" hoofsaaklik 'n terugskryf van die waardedaling van die belegging in Grindrod van R478 miljoen in (2016: waardedaling van die belegging in Grindrod van R1 861 miljoen). Vir die vorige jaar sluit "Waardedaling van ontasbare bates" hoofsaaklik 'n waardedaling in RCL Foods se meulbesigheid ten bedrae van R643 miljoen in.*

** *Vir die vorige jaar bestaan "Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings" hoofsaaklik uit 'n wins gerealiseer met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic van R2 262 miljoen as deel van die Al Noor transaksie.*

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Jaar geëindig 30 Junie	
	2017	2016
Sent		Herstateer
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**1 485.5**	1 119.6
– Verwater	**1 479.5**	1 115.0
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting		
– Basies	**1 361.3**	1 409.0
– Verwater	**1 355.5**	1 404.4
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 523.4**	1 022.4
– Verwater	**1 517.2**	1 018.5
Dividende per aandeel		
Gewoon	**495.00**	460.00
– Tussen	**194.00**	185.00
– Finaal	**301.00**	275.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Jaar geëindig 30 Junie	
	2017	2016
R miljoen		Herstateer
Netto wins vir die jaar	**8 508**	5 409
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	**(2 097)**	2 579
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:		
Wisselkoersaanpassings	**(4 477)**	1 745
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**69**	534
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**21**	(112)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(20)**	(951)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**2 245**	1 652
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:		
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**68**	19
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**(19)**	(6)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**16**	(302)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**6 411**	7 988
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Ekwiteithouers	**6 338**	7 943
Nie-beherende belang	**73**	45
	6 411	7 988

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 30 Junie	
	2017	2016
R miljoen		Herstateer
Saldo aan die begin van die jaar	**81 657**	75 917
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**6 411**	7 988
Dividende betaal	**(2 708)**	(2 358)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**18**	31
Ander bewegings	**18**	15
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**127**	64
Aandele uitgereik	**9 945**	-
Aandele uitreikingskoste	**(134)**	-
Aankoop van tesourie-aandele deur volfiliaal	**(32)**	-
Saldo aan die einde van die jaar	**95 302**	81 657

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Jaar geëindig 30 Junie	
	2017	2016
R miljoen		Herstateer
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**2 874**	1 413
Belasting betaal	**(363)**	(328)
Dividende ontvang	**4 163**	3 547
Finansieringskoste	**(1 179)**	(795)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**5 495**	3 837
Dividende betaal	**(2 708)**	(2 358)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**2 787**	1 479
Beleggingsaktiwiteite*	**(6 572)**	(18 767)
Finansieringsaktiwiteite**	**8 553**	16 365
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**4 768**	(923)
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant	**(424)**	222
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**3 128**	3 829
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**7 472**	3 128
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	**7 524**	3 569
Oortrokke bankrekening	**(52)**	(441)

* "Beleggingsaktiwiteite" sluit hoofsaaklik die toename in geldmarkfondse van R4 838 miljoen in, terwyl die vergelykende jaar 'n belegging in Mediclinic van R17 512 miljoen insluit ten opsigte van die Mediclinic regte-uitgifte en Al Noor transaksie.

** "Finansieringsaktiwiteite" sluit hoofsaaklik die Remgro regte-uitgifte van R9 811 miljoen in, terwyl die vergelykende jaar skuld aangegaan van R16 456 miljoen insluit ten einde aan bogenoemde Mediclinic regte-uitgifte en Al Noor transaksie deel te neem.

ADDISIONELE INLIGTING

	30 Junie	
	2017	2016
		Herstateer
Aantal aandele uitgereik		
- Gewone aandele sonder pariwaarde	**529 217 007**	481 106 370
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**39 056 987**	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**568 273 994**	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou		
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(1 666 638)**	(1 725 393)
	566 607 356	514 887 329
Geweegde aantal aandele	**553 423 346**	524 628 257

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2017	2016 Herstateer
Geëkwiteerde beleggings		
Geassosieerdes	**75 392**	73 418
Gesamentlike ondernemings	**5 491**	5 147
	80 883	78 565
Geëkwiteerde beleggingsrekonsiliasie		
Drawaarde aan die begin van die jaar	**78 565**	57 831
Belang in netto toeskryfbare wins	**7 545**	6 250
Dividende ontvang	**(3 861)**	(3 900)
Belegging in Mediclinic	**-**	18 246
Verwateringsuitwerkings	**196**	1 886
Wisselkoersverskille	**(4 947)**	(1 274)
Grindrod waardedaling teruggeskryf/(waardedaling)	**478**	(1 861)
Bewegings op reserwes	**2 256**	1 350
Ander bewegings	**651**	37
Drawaarde aan die einde van die jaar	**80 883**	78 565
Langtermynlenings		
20 000 Klas A 7.7% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**3 512**	3 512
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele	**4 382**	4 382
Omruilbare skuldbriewe, met ‘n effektiewe rentekoers van 4.5%	**5 650**	6 380
Verskeie ander lenings	**3 127**	3 672
	16 671	17 946
Korttermyn gedeelte van langtermynlenings	**(225)**	(147)
	16 446	17 799
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**1 228**	1 295
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**1 247**	1 999
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	**26**	241
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**3 861**	3 900
Dividende ontvang vanaf geassosieerde geklassifiseer as bate gehou vir verkoop	**-**	149
Verwys na die gedeelte oor “Beleggingsaktiwiteite” vir meer inligting oor verwante partytransaksies.		

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar-vir-verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na toepaslike waardasie metodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;

Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en

Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	***Vlak 1***	***Vlak 2***	***Vlak 3***	**Totaal**
30 Junie 2017				
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop	**1 178**	**-**	**2 167**	**3 345**
Afgeleide instrumente	**-**	**1**	**-**	**1**
Belegging in geldmarkfondse	**5 888**	**-**	**-**	**5 888**
	7 066	**1**	**2 167**	**9 234**
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	**-**	**363**	**-**	**363**
Korttermyn afgeleide instrumente	**-**	**13**	**49**	**62**
	-	**376**	**49**	**425**
30 Junie 2016				
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop	1 260	-	2 148	3 408
Afgeleide instrumente	-	8	-	8
Belegging in geldmarkfondse	1 050	-	-	1 050
	2 310	8	2 148	4 466
Laste				
Langtermyn afgeleide instrumente	-	1 197	-	1 197
Korttermyn afgeleide instrumente	-	63	54	117
	-	1 260	54	1 314

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates vanaf die begin tot die einde van die tydperk:

	30 Junie	
R miljoen	**2017**	2016
Bates: Beskikbaar-vir-verkoop		
Saldo's aan die begin van die jaar	**2 148**	1 591
Toevoegings	**119**	174
Vervreemdings	**(67)**	(53)
Wisselkoersaanpassings	**(178)**	236
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**145**	200
Saldo's aan die einde van die jaar	**2 167**	2 148
Laste: Afgeleide instrumente		
Saldo's aan die begin van die jaar	**54**	-
Hermetings	**(5)**	-
Toevoegings	**-**	54
Saldo's aan die einde van die jaar	**49**	54

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone), die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 554 miljoen, R272 miljoen en R246 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodes bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloei waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (40%), kontant en kontantekwivalente (4%) en ongenoteerde beleggings (56%). Ongenoteerde beleggings wat teen onlangse transaksiepryse by Milestone se billike waarde ingesluit word bedra R606 miljoen, terwyl sy oorblywende agt ongenoteerde beleggings teen R264 miljoen waardeer is en nie as wesentlik beskou word nie. KIEF se beleggings is waardeer deur van die verdiskonteerde kontantvloeimetode gebruik te maak. PRIF se hoofbates is die beleggings in ETG Groep en Nova Lumos. ETG Groep is gewaardeer deur van toepaslike verdienste- en omsetveelvoude, wat gebaseer is op soortgelyke maatskappye, gebruik te maak ten einde 'n prys-tot-boekwaardasie te bepaal, terwyl Nova Lumos onlangs verkry is en daarom teen kosprys waardeer is.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n beduidende invloed op Remgro se finansiële state hê nie aangesien die onderliggende bates van die fondse waarin Remgro sy beleggings gemaak het, wyd verspreid is.

HERSTATERING VAN VERGELYKENDE SYFERS

Verwys na aantekeninge 1 en 2 onder "Kommentaar" vir verdere inligting

Herstatering van vergelykende syfers op 1 Julie 2015

R miljoen	Soos op 1 Julie 2015 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Soos op 1 Julie 2015 Herstateer
Uitwerking op staat van finansiële stand*			
BATES			
Eiendom, aanleg en toerusting	5 716	269	5 985
Nie-bedryfsbates – Biologiese landboubates	550	(550)	-
Bedryfsbates – Biologiese landboubates	549	281	830
Totale bates	94 692	-	94 692

* *Daar was geen impak op aandeelhouersekwiteit op 1 Julie 2015 nie aangesien alle entiteite wat deur die verandering geraak is, gekies het om, soos deur IFRS toegelaat, die drawaarde van hul draplante as die geagte koste daarvan te gebruik.*

Herstatering van vergelykende syfers vir die 2016 finansiële jaar

R miljoen	Vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 Herstateer
Uitwerking op inkomstestaat			
Waardevermindering	(670)	(57)	(727)
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie*	-	(730)	(730)
Ander netto bedryfsuitgawes*	(5 647)	726	(4 921)
Belasting	4	17	21
Netto wins vir die jaar	5 453	(44)	5 409
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers (verdienste)	5 386	(22)	5 364
Nie-beherende belang	67	(22)	45
		(44)	
Uitwerking op wesensverdienste			
Wesensverdienste	5 887	(13)	5 874
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	7 405	(13)	7 392
Uitwerking op verdienste per aandeel (sent)			
Wesensverdienste	1 143.9	(24.3)	1 119.6
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	1 438.9	(29.9)	1 409.0
Verdienste	1 046.6	(24.2)	1 022.4
Uitwerking op staat van omvattende inkomste			
Netto wins vir die tydperk	5 453	(44)	5 409
Totale omvattende inkomste vir die jaar	8 032	(44)	7 988
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers	7 965	(22)	7 943
Nie-beherende belang	67	(22)	45
		(44)	
Uitwerking op staat van kontantvloei			
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	1 457	22	1 479
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(18 745)	(22)	(18 767)

* *Die billike waarde aanpassing op die omruilbare skuldbriewe opsie was ingesluit by "Ander netto bedryfsuitgawes" in die 2016 inkomstestaat. Hierdie item word nou apart getoon ten einde openbaarmaking te verbeter.*

HERSTATERING VAN VERGELYKENDE SYFERS (vervolg)

Herstatering van vergelykende syfers vir die 2016 finansiële jaar

R miljoen	Soos op 30 Junie 2016 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Soos op 30 Junie 2016 Herstateer
Uitwerking op staat van finansiële stand			
BATES			
Eiendom, aanleg en toerusting	6 292	208	6 500
Nie-bedryfsbates – Biologiese landboubates	625	(625)	-
Bedryfsbates – Biologiese landboubates	612	356	968
Totale bates	109 161	(61)	109 100
LASTE			
Uitgestelde belasting	1 640	(17)	1 623
Totale laste	27 460	(17)	27 443
EKWITEIT			
Verdeelbare reserwes	44 324	(22)	44 302
Nie-beherende belang	2 835	(22)	2 813
Totale ekwiteit	81 701	(44)	81 657

KOMMENTAAR (ongeouditeer)

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig die vereistes van die JSE Beperk (JSE) vir verkorte finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet, wat van toepassing is op verkorte finansiële state, opgestel. Die JSE vereis dat verkorte finansiële state ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die SAICA Riglyne soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Finansiële Verslagdoeningstandaarde Raad opgestel word, en ook om, as 'n minimum, die inligting soos vereis deur *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening* te bevat.

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die gekonsolideerde finansiële state, waaruit die verkorte gekonsolideerde finansiële state afgelei is, is ooreenkomstig IFRS en in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die opstel van die vorige gekonsolideerde finansiële state met die uitsondering van die implementering van die wysigings aan *IAS 16: Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *IAS 41: Landbou.* Hierdie wysigings moet terugwerkend toegepas word en gevolglik is die gerapporteerde resultate van die vergelykende jaar, herstateer. Die herstaterings het betrekking op die herklassifikasie van draplante vanaf biologiese bates na eiendom, aanleg en toerusting, die oordrag van die oorblywende nie-bedryfsbiologiese bates (naamlik die produkte) na bedryfsbiologiese bates en die meting van die geherklassifiseerde bates in terme van die toepaslike rekeningkundige hantering. Verwys na die gedeelte "Herstatering van vergelykende syfers" vir meer inligting.

Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA), opgestel.

2. REGTE-UITGIFTE

Gedurende Oktober 2016 het Remgro sy regte-uitgifte voltooi waarvolgens 48 110 637 nuwe gewone aandele en 3 550 635 nuwe B-gewone aandele teen 'n inskrywingsprys van R192.50 per aandeel vir 'n totale bedrag van R9 944.8 miljoen uitgereik is. Die aanbod aan gewone aandeelhouers is gemaak in die verhouding van 10 regte-uitgifte-aandele vir elke 100 gewone aandele gehou op die rekorddatum vir die regte-uitgifte, wat 'n totale bedrag van R9 261.3 miljoen verteenwoordig het. Om die huidige vlak van stemreg van Rupert Beleggings Eiendoms Beperk (Rupert Beleggings) in Remgro te handhaaf, en by te dra tot die nuwe ekwiteitskapitaal wat gewerf is, het Remgro aan Rupert Beleggings die reg aangebied om vir 3 550 635 B-gewone aandele in te skryf vir 'n totale bedrag van R683.5 miljoen. Ingevolge *IAS 33*, paragraaf 26, word vereis dat 'n aanpassing ten opsigte van die geweegde gemiddelde uitgereikte aandele vir die vergelykende tydperk gemaak word, aangesien die aandele teen 'n korting op die Remgro-aandeelprys op die dag voor die aankondiging (naamlik R243.29 per aandeel) aangebied is. Gevolglik is die vergelykende geweegde aantal uitgereikte aandele met 9 994 195 aandele aangepas om voorsiening te maak vir die geagte verwateringseffek van die regte-uitgifte. Verwys na die gedeelte "Herstatering van vergelykende syfers" vir meer inligting.

3. RESULTATE

Wesensverdienste
Vir die jaar tot 30 Junie 2017 het wesensverdienste met 40.0%, van R5 874 miljoen tot R8 221 miljoen, toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 32.7%, van 1 119.6 sent tot 1 485.5 sent, toegeneem het. Die verskil in die toename tussen wesensverdienste en WVPA is aan die impak van die regte-uitgifte in die jaar onder oorsig toe te skryf.

Ingesluit in die wesensverdienste van die vergelykende jaar is eenmalige transaksiekoste wat aangegaan is met Mediclinic International Beperk (Mediclinic) se regte-uitgifte en die Al Noor Hospitals Group plc (Al Noor) - transaksie ten bedrae van R788 miljoen ("eenmalige koste"), asook 'n negatiewe billike waarde aanpassing van R730 miljoen, wat verband hou met die toename in waarde van skuldbriefhouers se omruilopsie van die skuldbriewe ("opsie hermeting"). Die jaar onder oorsig sluit 'n positiewe billike waarde aanpassing van R687 miljoen in. Met uitsluiting van hierdie items het wesensverdienste met 1.9%, van R7 392 miljoen tot R7 534 miljoen, toegeneem, terwyl WVPA met 3.4%, van 1 409.0 sent tot 1 361.3 sent, afgeneem het. Die toename in wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting, is hoofsaaklik die gevolg van hoër bydraes deur die bank- en versekeringafdelings, KTH en hoër rente-inkomste, wat gedeeltelik teengewerk is deur laer verdienste van RCL Foods en hoër finansieringskoste.

Bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë

R miljoen	**Jaar geëindig 30 Junie 2017**	*% Verandering*	Jaar geëindig 30 Junie 2016 Herstateer
Gesondheidsorg	**1 875**	*19.7*	1 566
Bankwese	**3 163**	*5.8*	2 989
Verbruikersprodukte	**1 354**	*(15.6)*	1 605
Versekering	**1 041**	*17.2*	888
Nywerheid	**750**	*45.1*	517
Infrastruktuur	**36**	*500.0*	6
Media en sport	**(58)**	*(61.1)*	(36)
Ander beleggings	**70**	*4.5*	67
Sentrale tesourie			
- finansieringsinkomste	**349**	*179.2*	125
- finansieringskoste	**(903)**	*(3.6)*	(872)
- opsie-hermeting	**687**	*194.1*	(730)
Ander netto korporatiewe koste	**(143)**	*43.0*	(251)
Wesensverdienste	**8 221**	*40.0*	5 874
Eenmalige koste	**-**		788
Opsie hermeting	**(687)**		730
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	**7 534**	*1.9*	7 392

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Gesondheidsorg
Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 875 miljoen (2016: R1 566 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 19.7% is. Daar moet op gelet word dat Mediclinic se resultate vir die vergelykende tydperk eenmalige transaksiekoste insluit ten bedrae van R891 miljoen (Remgro se gedeelte R386 miljoen) wat aangegaan is met die Al Noor-transaksie. Met uitsluiting van hierdie eenmalige item het Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 3.9%, van R1 952 miljoen tot R1 875 miljoen, afgeneem. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van die versterking van die rand teenoor die Britse pond. In Britse pondterme het Mediclinic se bydrae, eenmalige transaksiekoste uitgesluit, met 8.2% toegeneem, hoofsaaklik vanweë Remgro se verhoogde belang in Mediclinic (42.1% tot 44.6%), die insluiting van die resultate van Al Noor en Spire Healthcare Group plc (Spire) vir die volle twaalf maande, asook 'n sterk vertoning in Switserland en goeie organiese groei in Suider-Afrika. Die toename is gedeeltelik teengewerk deur die onderprestasie in die Midde-Oosterse besigheid, wat geraak is deur 'n aantal bedryfs- en regulatoriese faktore, doktervakatures en 'n vertraging in die opening van fasiliteite.

Bankwese
Die wesensverdienstebydrae van die bankafdeling het R3 163 miljoen (2016: R2 989 miljoen) bedra, wat 'n toename van 5.8% is. FirstRand en RMBH het wesensverdienstegroei van onderskeidelik 6.1% en 5.7% gerapporteer. Op 'n genormaliseerde basis, wat sekere nie-bedryfs- en rekeningkundige afwykings uitsluit, het FirstRand en RMBH verdienstegroei van onderskeidelik 7.1% en 6.6% gerapporteer. Hierdie toenames was hoofsaaklik as gevolg van groei in rente-inkomste, ondersteun deur goeie groei in deposito’s en ‘n positiewe uitwerking danksy hoër gemiddelde rentekoerse, en nie-rente-inkomste weens ‘n stewige groei in fooi- en kommissie-inkomste by FNB en van realisasies by RMB se privaat ekwiteitsportefeulje teen marginale hoër vlakke. Die groei in verdienste is gedeeltelik teengewerk deur 'n toename in kredietwaardedalingskoste.

Verbruikersprodukte
Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R1 354 miljoen (2016: R1 605 miljoen) bedra, wat 'n daling van 15.6% is. RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 34.3% tot R424 miljoen (2016: R645 miljoen) afgeneem. In die vergelykende tydperk is RCL Foods se resultate positief beïnvloed deur die vrystelling van R163 miljoen wat vir onsekere belastingdispute as deel van die Foodcorp-verkryging voorsien is, asook 'n wins van R119 miljoen wat met die uitoefening van die Zam Chick- en Zamhatch-verkoopsopsies gerealiseer is. Op ‘n genormaliseerde basis het RCL Foods

wesensverdienstegroei van 7.7% gerapporteer. Die suikerbesigheid het baat gevind by prysverhogings, wat laer volumes teengewerk het, terwyl die hoenderbesigheid geaffekteer is deur 'n massiewe ooraanbod in die plaaslike mark wat deur plaaslike produksie en die storting van ingevoerde hoender veroorsaak is. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 2.6% tot R449 miljoen (2016: R461 miljoen) afgeneem. Hierdie afname was hoofsaaklik te wyte aan laer belastingtoelaes na afloop van die voltooiing van vervaardigingsbeleggings, asook 'n swakker handelsomgewing. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R481 miljoen (2016: R499 miljoen) bedra. Distell se resultate is negatief beïnvloed deur die sterker rand, veral teenoor die Britse pond, asook hewige kompetisie en druk op verbruikers. Distell het wesensverdienstegroei, wat aangepas is vir buitelandse wisselkoersbewegings, van 7.4% gerapporteer.

Versekering
RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 17.2% tot R1 041 miljoen (2016: R888 miljoen) toegeneem. Op 'n genormaliseerde basis het RMI Holdings 'n toename van 16.4% in verdienste gerapporteer, hoofsaaklik danksy die vertonings van OUTsurance en Discovery, wat onderskeidelik verdienstegroei van 25.7% en 8.2% behaal het. Die sterk vertoning deur OUTsurance is gedryf deur gunstige eise wat regdeur die groep ondervind is, sowel as 'n wesentlike verbetering in die koste-tot-inkomste-verhouding, veral by Youi vanweë skaalvoordele en koste-doeltreffendheid. Effektief vanaf 1 Maart 2017 het RMI Holdings 'n belang van 29.9% bekom in Hastings Group Holdings plc (Hastings), 'n snelgroeiende en beweeglike digitale algemene versekeraar, hoofsaaklik bedrywig in die Britse motormark. Die bydrae deur Hastings is gedeeltelik teengewerk deur die hoër befondsingskoste van die verkryging.

Nywerheid
Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R224 miljoen (2016: R291 miljoen) bedra. Die afname was hoofsaaklik weens 'n laer raffineringsmarge. Remgro se deel van KTH se resultate het 'n wins van R34 miljoen (2016: 'n verlies van R229 miljoen) bedra. In die vergelykende tydperk is KTH se resultate negatief beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met die beleggings in Exxaro Resources Beperk en MMI Holdings Beperk se voorkeuraandele. Air Products en Wispeco se bydrae tot wesensverdienste het onderskeidelik R298 miljoen en R169 miljoen (2016: R275 miljoen en R144 miljoen) bedra, terwyl PGSI R25 miljoen (2016: R36 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste bygedra het.

Infrastruktuur
Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R48 miljoen (2016: 'n verlies van R45 miljoen) bedra. Die verhoogde verlies is hoofsaaklik as gevolg van die onderprestasie van die spoorwegmonteerbesighede weens die gebrek aan vraag vir lokomotiewe, die voortgesette onsekerheid in die mynbedryf en die lae vlak van bedrywighede in Suidelike Afrika. Die verhoogde verlies is deels teengewerk deur ‘n verbetering in droëvrag-verskepingstariewe en kommoditeitsmarkte, asook die landboubesighede. In die jaar onder oorsig het die CIV-groep R110 miljoen (2016: R64 miljoen) tot wesensverdienste bygedra. Die toename is hoofsaaklik weens stewige groei in annuïteitsinkomste. Remgro se belang in SEACOM se verlies het R33 miljoen (2016: 'n verlies van R33 miljoen) bedra.

Media en sport
Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia Investments en verskeie sportbelange, waaronder die belange in rugby-franchises, sowel as die Stellenbosch Academy of Sport. eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R49 miljoen (2016: R28 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik vanweë hoër advertensie-inkomste danksy 'n verbetering in markaandeel. Die toename is deels teengewerk deur hoër besigheidsontwikkelingskoste, asook voortgesette beleggings in die multikanaalbesigheid.

Ander beleggings
Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R70 miljoen (2016: R67 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R54 miljoen (2016: R48 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste
Finansieringsinkomste het R349 miljoen (2016: R125 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik vanweë hoër gemiddelde kontantbalanse as gevolg van Remgro se regte-uitgifte. Finansieringskoste bestaan hoofsaaklik uit rente ten bedrae van R893 miljoen (2016: R466 miljoen) en eenmalige transaksiekoste in die vergelykende tydperk ten bedrae van R402 miljoen, wat verband hou met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie. Die positiewe billike waarde aanpassing van R687 miljoen hou verband met die afname in die waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe (2016: negatiewe billike waarde aanpassing van R730 miljoen). Ander netto korporatiewe koste het R143 miljoen (2016: R251 miljoen) bedra. Die vergelykende tydperk sluit transaksie- en finansieringskoste ten bedrae van R115 miljoen in en hou verband met Remgro se verkryging van Spire. Hierdie koste is van Mediclinic verhaal, buite wesensverdienste, as deel van die Spire-verkoopsom.

Verdienste
Verdienste het met 57.2% tot R8 431 miljoen (2016: R5 364 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van 'n positiewe billike waarde aanpassing van R687 miljoen (2016: negatiewe billike waarde aanpassing van R730 miljoen) wat verband hou met die afname in waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe, asook die eenmalige transaksiekoste van R788 miljoen in die vergelykende tydperk aangegaan met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie. Die vergelykende tydperk sluit ook in 'n waardedaling van die belegging in Grindrod (R1 861 miljoen), Remgro se deel van die waardedalings in Grindrod se spoor- en skeepsafdeling (R577 miljoen) en Remgro se gedeelte van die waardedalings in RCL Foods se meulbesigheid (R439 miljoen), teengewerk deur die wins van R2 262 miljoen, gerealiseer met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic as deel van die Al Noor-transaksie.

4. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 17.9%, vanaf R306.44 op 30 Junie 2016 tot R251.48 op 30 Junie 2017 afgeneem, hoofsaaklik vanweë ‘n 40.4% afname in die markwaarde van die Mediclinic-belegging, asook die verwateringseffek van die regte-uitgifte. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2017 was R213.46 (2016: R254.66), wat ‘n diskonto van 15.1% (2016: 16.9%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

5. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)
Gedurende September 2016 het Remgro ingevolge CIVH se regte-uitgifte vir 'n bykomende 12 353 aandele ten bedrae van R329.3 miljoen ingeskryf. As gevolg hiervan het Remgro se belang in CIVH marginaal tot 51.0% op 30 Junie 2017 toegeneem (2016: 50.9%).

Capevin Holdings Beperk (Capevin)
Gedurende Mei 2017 het Remgro nog 30 667 156 Capevin-aandele ten bedrae van R264.5 miljoen verkry. Hierdie transaksie het Remgro se effektiewe belang in Capevin tot 19.0% (2016: 15.6%) verhoog

Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin)
Gedurende Julie 2016 het Remgro (deur sy volfiliaal, Invenfin) 'n belang van 30% ten bedrae van R80.0 miljoen in Dynamic Commodities Eiendoms Beperk (Dynamic Commodities) verkry. Dynamic Commodities is 'n uitvoergefokusde maatskappy wat hoëgehalte bevrore nageregte, versnapperings en toegevoegde waarde "vars bevrore" vrugte vervaardig.

Gedurende Augustus 2016 het Invenfin ook 'n belang van 30% ten bedrae van R50.2 miljoen in Joya Brands Eiendoms Beperk, 'n vervaardiger van lekkergoed, verkry.

Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)
Op 15 Augustus 2016 het PRIF 'n finale sluiting gehad wat daartoe gelei het dat Remgro 'n kapitaaluitkering van R14.6 miljoen, asook 'n inkomste-uitkering van R3.8 miljoen ontvang het. In die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende R58.0 miljoen in PRIF belê, waardeur sy kumulatiewe belegging tot R255.2 miljoen verhoog is. Op 30 Junie 2017 het die oorblywende verpligting teenoor PRIF R394.8 miljoen bedra.

Ander
Ander kleiner beleggings het R215 miljoen bedra.

Gebeure na jaareinde

Distell Groep Beperk (Distell)
Gedurende Junie 2017 is aangekondig dat Distell Group Beperk (Distell) sy veelvlakkige eienaarskapstruktuur gaan herstruktureer (die Voorgestelde Transaksie) en om uitvoering aan die Voorgestelde Transaksie te gee, sal Remgro, deur middel van ‘n aantal intervoorwaardelike stappe, sy bestaande 50%-aandeelhouding in Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk (RCI) ruil vir bykomende gewone aandele in Capevin Holdings Beperk (Capevin) (RCI-ruiling). Remgro hou tans 19.0% van die gewone aandele in Capevin en na die RCI-ruiling sal sy belang in Capevin 59.5% wees. Na afloop van die RCI-ruiling sal Remgro sy volle Capevin-aandeelhouding ruil vir gewone aandele in ‘n nuutgenoteerde entiteit (Nuwe Distell), wat in wese dieselfde as die bestaande Distell sal wees. Remgro sal ook ongenoteerde B-aandele in Nuwe Distell ontvang wat, RCI se huidige 52.8% stemreg in Distell sal ewenaar. Hierdie aandele sal gekoppel word aan die Nuwe Distell gewone aandele wat

Remgro ontvang het ooreenkomstig die RCL-ruiling. Die ongenoteerde B-aandele sal slegs stemreg in Nuwe Distell dra en geen ekonomiese regte hê nie. Die Voorgestelde Transaksie sal geen impak op Remgro se intrinsieke batewaarde hê nie en Remgro sal, na afloop daarvan, sy ekonomiese belang in Distell behou. Remgro sal in totaal, ‘n stemreg van 56.0% in Nuwe Distell hê. Die Voorgestelde Transaksie is steeds aan ‘n aantal opskortende voorwaardes onderworpe, waaronder goedkeuring deur Distell en Capevin se aandeelhouers, wat na verwagting op 27 Oktober 2017 sal geskied, asook goedkeuring deur die relevante mededingingsowerhede.

RMI Holdings Beperk (RMI Holdings)
Op 19 September 2017 het RMI Holdings sy finale dividend vir die jaar geëindig 30 June 2017 verklaar. Hierdie verklaring het ‘n alternatief tot die kontantdividend, wat óf die ontvang van ‘n skripdistribusie óf die herinvestering van die kontantdividend deur in te skryf vir nuwe RMI Holdings gewone aandele, ingesluit. Deur die herinvesteringsalternatief te kies, het Remgro hom daartoe verbind om sy kontantdividend, ten bedrae van R292.3 miljoen, te herinvesteer om sodoende 7 691 641 nuwe RMI Holdings gewone aandele teen R38.00 per aandeel te ontvang.

Buiten bogenoemde transaksies was daar geen ander wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2017 nie.

6. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2016 is 1 725 393 Remgro gewone aandele (0.4%) as tesourie-aandele deur ‘n vol-filiaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer, is hierdie aandele gekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is 224 542 Remgro gewone aandele aangewend om Remgro se verpligting na te kom teenoor skema deelnemers wat die regte wat aan hulle toegeken is, uitgeoefen het. Remgro het ook sy regte ten opsigte van tesourie-aandele gehou, gevolg met die voltooiing van sy regte-uitgifte in Oktober 2016 deur vir 165 787 Remgro gewone aandele ten bedrae van R32 miljoen in te skryf.

Op 30 Junie 2017 is 1 666 638 (0.3%) Remgro gewone aandele as tesourie-aandele gehou.

7. KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2017 was soos volg:

		30 Junie 2017		30 Junie 2016
R miljoen	**Plaaslik**	**Buiteland**	**Totaal**	
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**5 260**	**2 264**	**7 524**	3 569
Belegging in geldmarkfondse	**3 815**	**2 073**	**5 888**	1 050
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(1 170)**	**(19)**	**(1 189)**	(841)
Kontant by die kern	**7 905**	**4 318**	**12 223**	3 778

Op 30 Junie 2017 was ongeveer 48% (R5 888 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê.

VERSLAE VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding van ’n verkorte weergawe van die gekonsolideerde finansiële state.

Die finansiële jaarstate is deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. geoudit en hul ongemodifiseerde verslag op die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar vir inspeksie by die geregistreerde kantoor van die maatskappy. Die ouditverslag van toepassing op die verkorte finansiële jaarstate is aangeheg.

Die ouditmening is nie noodwendig van toepassing op al die inligting ingesluit in hierdie aankondiging/finansiële resultate nie. Aandeelhouers word dus geadviseer om die ouditverslag en meegaande finansiële inligting te bekom by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ten einde 'n behoorlike begrip van die aard van die ouditeur se prosedures te verkry.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 34
Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 301 sent (2016: 275 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2017.

Dividend-terughoubelasting van 20% of 60.2 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 240.8 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 bedra dus 495 sent teenoor 460 sent vir die vergelykende jaar geëindig 30 Junie 2016.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Dinsdag, 14 November 2017
Aandele verhandel ex dividend	Woensdag, 15 November 2017
Rekorddatum	Vrydag, 17 November 2017
Betaaldatum	Maandag, 20 November 2017

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 15 November 2017, en Vrydag, 17 November 2017, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
20 September 2017

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure
Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*,
J Malherbe *(Ondervoorsitter)*, S E N De Bruyn Sebotsa*, G T Ferreira*,
P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*, M Morobe*,
F Robertson*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure
J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, M Lubbe, N J Williams

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris
D I Heynes

Notering
JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Millenniapark, Stellentialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris
Computershare Investor Services Eiendoms Beperk,
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank 2196
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg
Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf
www.remgro.com

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 30 Junie	
	2017	2016
R miljoen		Herstateer
Gesondheidsorg		
Mediclinic	**1 875**	1 566
Bankwese		
RMBH	**2 232**	2 112
FirstRand	**931**	877
Verbruikersprodukte		
Unilever	**449**	461
Distell[1]	**481**	499
RCL Foods	**424**	645
Versekering		
RMI Holdings	**1 041**	888
Nywerheid		
Air Products	**298**	275
KTH	**34**	(229)
Total	**224**	291
PGSI	**25**	36
Wispeco	**169**	144
Infrastruktuur		
Grindrod	**(48)**	(45)
CIV groep	**110**	64
SEACOM	**(33)**	(33)
Ander infrastruktuurbelange	**7**	20
Media en sport		
eMedia Investments	**49**	28
Ander media- en sportbelange	**(107)**	(64)
Ander beleggings	**70**	67
Sentrale tesourie		
Finansieringsinkomste	**349**	125
Finansieringskoste[2]	**(216)**	(1 602)
Ander netto korporatiewe koste	**(143)**	(251)
Wesensverdienste	**8 221**	5 874
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**553.4**	524.6
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**1 485.5**	1 119.6

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Finansieringskoste vir die jaar onder oorsig sluit ‘n positiewe opsie hermeting van R687 miljoen in. Die vorige jaar sluit ‘n negatiewe opsie hermeting van R730 miljoen en eenmalige koste van R402 miljoen in.

REMGRO BEPERK

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

R miljoen	30 Junie 2017 Boekwaarde	30 Junie 2017 Intrinsieke waarde	30 Junie 2016 Boekwaarde Herstateer	30 Junie 2016 Intrinsieke waarde
Gesondheidsorg				
Mediclinic	**33 763**	**41 568**	33 629	69 691
Bankwese				
RMBH	**14 016**	**23 350**	13 132	22 356
FirstRand	**5 010**	**10 365**	4 652	9 857
Verbruikersprodukte				
Unilever	**3 737**	**10 702**	3 589	10 650
Distell[1]	**3 727**	**9 556**	3 500	10 723
RCL Foods	**7 553**	**10 173**	7 272	9 278
Versekering				
RMI Holdings	**7 277**	**17 532**	7 157	18 526
Nywerheid				
Air Products	**1 047**	**4 298**	933	4 241
KTH	**1 684**	**2 466**	1 631	2 723
Total	**1 640**	**2 167**	1 575	1 879
PGSI	**643**	**643**	734	734
Wispeco	**821**	**1 368**	702	1 055
Infrastruktuur				
Grindrod	**1 915**	**1 915**	1 986	1 986
CIV groep	**2 242**	**4 829**	1 871	3 166
SEACOM	**321**	**896**	655	1 043
Ander infrastruktuurbelange	**520**	**520**	540	540
Media en sport				
eMedia Investments	**1 147**	**1 424**	1 116	1 342
Ander media- en sportbelange	**365**	**319**	328	328
Ander beleggings	**3 947**	**3 932**	3 737	3 717
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern[2]	**12 223**	**12 223**	3 778	3 778
Skuld by die kern	**(13 907)**	**(13 907)**	(16 452)	(16 452)
Ander netto korporatiewe bates	**2 741**	**3 164**	2 779	3 149
Intrinsieke netto batewaarde (INBW)	**92 432**	**149 503**	78 844	164 310
Potensiële KWB-aanspreeklikheid[3]		**(7 010)**		(6 526)
INBW na belasting	**92 432**	**142 493**	78 844	157 784
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	**566.6**	**566.6**	514.9	514.9
INBW na belasting per aandeel (Rand)	**163.13**	**251.48**	153.13	306.44
Remgro aandeelprys (Rand)		**213.46**		254.66
Persentasie diskonto tot INBW		**15.1**		16.9

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco).
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar-vir-verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR OP DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Mening
Die verkorte gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk, soos uiteengesit op bladsye 1 tot 12 en 20 en 21 in die geouditeerde verkorte gekonsolideerde resultate, wat bestaan uit die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 Junie 2017, die verkorte gekonsolideerde inkomstestaat en verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderinge in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2017.

Na ons mening, is die meegaande verkorte gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die JSE Beperk (JSE) se vereistes vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state.

Verkorte gekonsolideerde finansiële state
Die verkorte gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op finansiële jaarstate nie. Die lees van die verkorte gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

Die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en ons verslag daarop
Ons het ‘n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek op die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 20 September 2017. Daardie verslag sluit ook kommunikasie oor sleutel-ouditaangeleenthede in. Sleutel-ouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat, volgens ons professionele oordeel, van die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die huidige jaar.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die verkorte gekonsolideerde finansiële state
Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die verkorte gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die JSE se vereistes vir verkorte finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die verkorte gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op verkorte finansiële state.

Ouditeur se verantwoordelikheid
Ons verantwoordelikheid is om ’n mening uit te spreek of die verkorte gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die *‘International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)’, “Engagements to Report on Summary Financial Statements”*, uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: N H Döman
Geregistreerde Ouditeur

Stellenbosch
20 September 2017